BEGELEIDING VAN GEESTELIKE LEIERS WAT GOD SE KUDDE VERSORG

MEI 2015 Nr 71

IN DIE SKADU VAN 'N "SHEPHERD'S TREE"

Demografiese skuiwe

Ek wonder by hoeveel geleenthede ek hierdie uitdrukking gehoor en self gebruik het. Dit het deel van ons kerktaal geword. Dit is hoe ons die verskuiwing van mense en gemeenskappe beskryf. Dit word ook meestal as 'n feit gekonstateer al is die implikasies van wat ons sê, nie altyd mooi deurdink nie. "Die groot demografiese skuiwe beïnvloed gemeentes negatief," sou as voorbeeld kon dien.

Besef ons wat ons hiermee sê? Dit impliseer dat waar mense na ander omgewings verskuif, die kerk daardeur benadeel sal word. Verseker is *dit* waar vir die situasies vir ontvolking plaasvind. As die mense van die kerk wegtrek, kan daar mos net nie meer 'n gemeente wees nie – daar is immers nie mense nie? Wat van die plek waarheen hulle skuif? Dink ons ooit aan die positiewe bydrae wat hulle dáár kan maak. Al word die *dáár* vir ons 'n groot bedreiging!

Waar gemeenskappe wissel, word dit ook negatief beleef. "Die groot demografiese skuiwe beïnvloed gemeentes negatief," kan ook gebruik word waar gemeenskappe van mense verwissel. "Nuwe mense," maar nie "ons mense", word hier bedoel en word ook nie altyd mooi deurdink nie. Vooraf word gewoonlik besluit dat hulle nie by ons wil inskakel nie. Taal is uit die aard van die saak 'n legitieme, maar ook 'n gerieflike verskoning.

Demografiese verskuiwings beteken *mense* wat skuif. Mense is altyd belangrik. Mense vorm die liggaam van Christus in hierdie wêreld. Wat gaan gebeur as ons die oorgebruikte opmerking verander na, "demografiese verskuiwing" beïnvloed die gemeente positief, of lei tot die uitbreiding van die Koninkryk, of is een van die beste dinge wat met ons gemeente gebeur het? Die nuwe mense het immers by ons tuis gekom, of ons bediening onder hierdie nuwe mense het nuwe lewe gebring.

As die fokus skuif van almal wat weggaan, ná almal wat bykom, sal ons die geleenthede raaksien. Mag ons in die demografiese verskuiwings die geleenthede raaksien.

Tot ons volgende saamsit in Sy koelte...

Gerhard Botha

VBO-VOETPAD

VBO-WINTERWEEK 2015 – "JUBEL EN HOOP" 22 – 24 Junie 2015

Plek: Nuwe Opvoedkundige Auditorium, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein
Begintye: Maandag 14:00; Dinsdag 09:00; Woensdag 09:00
Tema en sprekers: *Geestelike verdieping en teologiese visioenering* – **Jan Lubbe**
Die veranderde sosio-ekonomiese werklikheid – **Lochner Marais**
Die wisselwerking tussen ekonomie en ekologie – **Nadia Marais**
Die uitdagings van 'n digitale kultuur – **Jan Albert van den Berg**
Eenheid, Versoening en Geregtigheid – **Fanie Snyman**
Quo Vadis – **Leon Wessels**
Verblyf: Indien u gratis by lidmate in Bloemfontein wil tuisgaan wat kamers hiervoor aanbied, skakel asseblief vir Joanie by 051 406 6732 (k).
Registrasie: SMS D16616 en u naam na 31029
VBO-Punte: 30
Koste: R680.00pp, wat die konferensie, etes en materiaal insluit.
Betaling: NG Kerk OVS, ABSA tjek 470 000 406; Takkode: 334-134; **Verwysing:** VBO/naam + van **(NB! Faks bewys van betaling na 086 502 0818)**

FRESH EXPRESSIONS

Uitnodiging aan alle Gemeentes/Ringe:

U is welkom om met *Shepherd* te skakel indien u meer inligting ten opsigte van *Fresh Expressions* verlang. Daar is drie fasiliteerders, naamlik Jean van Biljon, Hannes Els en Frans Oosthuizen wat bereid is om Gemeentes/Ringe te besoek en meer inligting te verskaf. Dit sal gemeentes in staat stel om 'n ingeligte besluit ten opsigte van hulle verbintenis tot *Fresh Expressions* te neem.

Ons hoor graag van u.

Like ons op Facebook:
Shepherd Centre UFS

NB: Die nuutste VBO-inligting word ook op Facebook geplaas.

Fakulteit Teologie UV, *Shepherd* Direkteur: Dr GP (Gerhard) Botha, Programbestuurder: Marina Oberholzer Tel: 051- 401 3995 Epos: shepherd@ufs.ac.za